# PRO VERITATE


INHOUD/CONTENTS


Die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika en die Sending ..... 1
The Rule of God and White Supremacy ..... 1
Inleidingsartikel/Editorial ..... 5
Meditation ..... 6
Die Kerk Buite Suid-Afrika ..... 7
The Church in Communist Countries 8
The Local Church and Problems of Identity in a Multi-Racial Country 9
Readers Views ..... 16



CHRISTELIKE MAANDBLAD VIR SUIDELIKE AFRIKA—CHRISTIAN MONTHLY FOR SOUTHERN AFRICA

Apr. 15 Apr. 1965 — 5c — Intekengeld R1 Subscription

Jaargang III, Nr. 12 — Volume III, No. 12

*By die Hoofposkantoor as Nuusblad geregistreer.* *Registered at the Post Office as a Newspaper.*


# DIE GEREFORMEERDE KERK VAN SUID-AFRIKA EN DIE SENDING

— PROF. J. H. BAVINCK †

**Noudat ek aan die einde gekom het van my mooi en interessante reis deur die Republiek van Suid-Afrika, het ek behoeftes om in 'n kort oorsig rekenskap te gee van my indrukke, veral ook met betrekking tot die Sending. Enersyds sien ek daarteen op om my gedagtes saam te vat en aan andere voor te lê.**

Ek is nou eenmaal 'n buitelander en het slegs drie maande geleentheid gehad om omstandighede in Suid-Afrika te ondersoek. Drie maande is natuurlik veels te kort om tot 'n suiwere oordeel te kom. Eintlik sou ek veel langer moet rondreis en ook aan die werk self moet deelneem, voordat ek werklik 'n goeie en blywende indruk daaroor kan vorm. Daar was al soveel buitelanders gewees wat slegs 'n kort tyd deur Suid-Afrika gereis het en wat by hulle tuiskoms hulle oordeel en veral ook hulle kritiek in die koerante gepubliseer het. Ek kan my dit goed voorstel dat die Afrikaner groot afkeer in sulke kritici het en dat hulle met reg kla oor die laster wat in die wêreldpers oor hulle land — en hulle probleme rondgestrooi word. As ek daaraan dink en rekenskap probeer gee van die kortheid van my reis en die oppervlakkigheid van my indrukke, sou ek liefs wil swyg. En tog durf ek nie swyg nie. Ek het in die enkele maande van my reis soveel hartlikheid ondervind, ek is van alle kante met soveel welwillendheid ontmoet, dat ek nou ook verplig voel om iets te sê. Ek is innig dankbaar vir die openhartigheid waarmee mense my oral tegemoet gekom het, die erns waarmee hulle my ingelig en aangehoor het, en ek het vertrek met 'n gevoel van simpatie met die Afrikaanse volk en opregte meegevoel met hul vrese en kwellinge. En juis hierdie simpatie en meegevoel dwing my om met groot versigtigheid my indrukke weer te gee. Ek is daarvan bewus dat ek groot gevaar loop om hier en daar dalk eensydig voor te kom en selfs onjuiste dinge te sê. Van harte hoop ek dat mense my dit sal vergewe en my woorde sal bejeën as dié van iemand wat van harte bid dat God die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika sal gebruik as 'n middel in Sy genadevolle hand tot verheerliking van Sy naam en tot die koms van Sy Koninkryk.

## ALGEMENE INDRUKKE

Wanneer 'n mens, soos ek gedoen het, die Republiek deurkruis in alle rigtings word jy onwillekeurig getref deur die feit dat die bevolking van Suid-Afrika (ek bedoel hier daardie gedeelte van die bevolking wat die Gerefor-


*(Vervolg op bladsy 2)*


# THE RULE OF GOD AND WHITE SUPREMACY

— P. ALLEN MYRICK

**"Rarely has there been such a magnificent gesture of true South Africanism". So said the Prime Minister, congratulating Rotary Club members on their defence of our national life against overseas criticism. At times we hear more, that our way of life is a Christian one, and that South Africa is a bulwark of Christian civilisation on a pagan continent. Is the white South African way of life so Christian, and can Christians defend it? Not only is the relationship between Christian faith and a nation's culture a source of vigorous debate among theologians. It is also one of the most pressing issues in the life of the Church in South Africa.**

Before we attempt to answer this question with respect to South Africa, let us see what the Old Testament, and particularly the prophet Hosea, can tell us.

## THE CANAANITE WAY OF LIFE

The problem of the relationship between religious faith and an


*(Continued on page 12)*

# Die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika en die Sending

*(Vervolg van bladsy 1)*

meerde belydenis aanhang) gedra word deur 'n sterk, algemene oortuiging. Daar heers onder hulle 'n opmerklike eenstemmigheid van gevoel. Dit bring mee dat 'n vreemdeling wat deur die land reis, waar hy ookal kom, telkens dieselfde gedagtes en dieselfde oordeel uitgespreek hoor. Hierdie eenstemmigheid werk ten goede mee — dit verwek die indruk dat mens te doen het met 'n volk wat nie deur allerlei modegrille heen en weer geslinger word nie maar wat 'n onwrikbare oortuiging verkry het.

Ek wil graag 'n paar van hierdie eenstemmige gedagtes kortliks aanstip.

*In die kort huldigingswoord wat in ons inleidingskolomme van Augustus 1964 uitgespreek is by geleentheid van die heengaan van prof. J. H. Bavinck het ons te kenne gegee dat ons 'n oorsig sou publiseer van sy siening van ons sending- en rassesituasie soos hy ongeveer 11 jaar gelede in Suid-Afrika beleef, beoordeel en beskrywe het en wat hy later verwerk het in sy brosjure: „Het Rassevraagstuk". In afleweringe hoor ons hier die opregte Christen wat met die waarheidliewendheid en bewoënheid van die Meester ons blankes se oë wil open vir baie dinge wat ons anders nie sou sien en verstaan nie. Dit help ons om ook te sien watter groot veranderinge in menslike verhoudinge en praktiese situasies daar die afgelope 11 jaar ingetree het.*

*— Red.*

### DIE GESKIEDENIS IS 'N WERKLIKHEID

Eerstens is dit duidelik dat die Afrikaner baie geheg is aan sy geskiedenis, dat hy dit deur en deur ken en dit gedurig voorhou om die huidige toedrag van sake te verklaar. Met groot liefde word ek in verskeie gesprekke die hoogtepunte uit die geskiedenis keer op keer voor die oë gehou. Die koms van Van Riebeeck: sy belofte om God se Koninkryk te dien in dié donker wêrelddeel: die ou Boerebevolking op hul plase en hul omgang met hul naturellebediendes, en die Godsdiensoefeninge wat tuis saam met hulle beoefen is; die koms van die Engelse aan die einde van die 18de eeu met hulle leuses van vryheid, gelykheid en broederskap. Die Sending in daardie dae, veral dié van Van der Kemp en sy groot foute en mislukkinge; die spanning tussen die Engelse met hul geheel ander opvatting van die probleme en hulle gedurige neiging om hulle eie land as hoofsaak te beskou en Suid-Afrika slegs as 'n winsgewin te behandel, en die Boerebevolking wat gevoel het dat Suid-Afrika hulle vaderland is; die Groot Trek wat soveel verskriklike ontberinge meegebring het, soveel bewyse van heldemoed en bloedige gevegte met barbaarse stamme wat deurstaan moes word; die moord op Piet Retief en sy seun; die slag van Bloedrivier en die groot Gelofte; die nuwe verwikkelinge met die Engelse en die groot Vryheidsoorlog. Die magtige betekenis van „Oom Paul". Die gruwelike konsentrasiekampe waarin duisende vroue en kinders hulle dood tegemoet gegaan het. En dan die koms van die moderne tyd: die goudmyne, die industrieë. En terselfdertyd ook die opkoms van die Afrikaanse volk, wat langsamerhand 'n volksbewussyn van sy eie ontwikkel het, en hom heftig verset het teen die sistematiese verengelsing van sy kultuur.

Al hierdie beelde uit die verlede is vir die Afrikaner nie net 'n herinnering aan lang vervloë dae nie, hy leef steeds daarin voort, dit staar hom nog daagliks in die gesig. Dit beheers nog sy denke en dit bepaal nog sy houding in die konkrete werklikheid van vandag. In hoeveel huise het ek nie afbeeldings gesien van die ossewa wat langs gapende afgronde opgebeur word nie, hoevele kere word ek nie van die groot voortrekkers vertel nie! Vir Suid-Afrika is die geskiedenis nie 'n prenteboek nie maar die werklikheid. Hy kleef daaraan vas met al die liefde van sy hart. Wie hom wil begryp, sal sy geskiedenis moet ken en verstaan. Doen hy dit nie, sal die Afrikaner vir hom 'n geslote boek bly.

### JESUS CHRISTUS OF DIE GESKIEDENIS?

Hierdie sterk gehegtheid aan die geskiedenis bring ook 'n eienaardige beoordeling en selfs veroordeling van die Sending mee. Die ou Boere, so word ek vertel, het die Evangelie aan hulle bediendes geleer, maar toe kom die Sending (en dan kom die naam van Van der Kemp weer ter sprake) en dit het hulle heeltemal bederf. Die sendeling het die „kaffers" as sy gelyke behandel, wat tot allerlei dwase gevolge gelei het. Die sendeling het aan hulle oppervlakkige geleerdheid gebring, hulle brutaal en eiewys gemaak omdat hy die geaardheid van die swartman nie ken nie en omdat hy die dom, rewolusionêre gedagtes wat in daardie eeu in swang was, as uitgangspunt gebruik het. Daardeur het daar by baie Afrikaners, veral op die platteland, 'n diepe teësin teen die Sending posgevat. Dit is eenmaal reguit aan my gesê: ek is teen die Sending! En toe ek verder uitvra word netnou maar weer die naam van Van der Kemp genoem. Eienaardig dat ná so 'n lang tyd hierdie dinge nog hulle uitwerking het. Dit is omdat Suid-Afrika nie maklik vergeet nie, hy kleef aan sy geskiedenis vas met 'n krag wat ek seker is nêrens elders in die wêreld aangetref word nie. Gelukkig is daar tans baie wat nie meer die Sending verkeerd beoordeel nie en wat begryp dat die Sending wel beoefen kan word sonder om dieselfde foute te begaan as wat in die verlede begaan is. Ek kan met dankbaarheid getuig dat ek oral 'n onsekere, maar tog groeiende liefde vir die Sending teëgekom het. Die Afrikaner is te goed Gereformeerd om nie in te sien dat dit uiteindelik nie die geskiedenis met haar foute en vergissings nie, maar die uitdruklike bevel van Jesus Christus is wat ons gedagtes moet lei.

Hierdie diepe besef van die betekenis van die geskiedenis bring ook mee dat mense maklik in terme van die verre toekoms dink. In Suid-Afrika is daar meermale vir my gesê wanneer ek oor die toekoms van die naturellebevol-

# Die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika en die Sending

king praat: ja, maar dit sal nog eeue duur! Mense in Suid-Afrika praat graag oor eeue. Ek het dan skertsend gesê: u dink nog in eeue, terwyl daar in Europa en ook in die Ooste van Asië, slegs nog gedink word in jare en soms slegs maar in maande. Die wentelgang van die jare is tans so vinnig dat mens skaars daarmee kan tred hou. Dinge wat volgens menslike verwagtings nog eeue sou duur, word tans in enkele jare verwesenlik. Die hele posisie van die blanke geslag het in 'n paar jaar volkome verander. Wie in hierdie tyd ernstig besig is met groot wêreldgebeure leer gou af om te praat oor eeue en kan slegs stamelend waag om te praat van die volstrek onsekere toekoms, wat — menslikerwys gesproke — voor ons lê. En geld dit eintlik ook nie maar van Suid-Afrika nie? Ook in Suid-Afrika het die geheelbeeld binne enkele jare totaal verander. Daar is kragte aan die werk wat onbeheerbaar is en waarvan die gevolge onvoorsienbaar is. Hierdie gedagte bring mee dat ons in die Sending nie meer dromend kan praat van die „eeue" wat voor ons lê waarin ons ons werk kan afrond nie, maar dat ons dit nou op die daad moet doen, met al die krag waaroor ons beskik en wat ons ook van Bo mag ontvang. Ek het jarelank die voorreg gehad om Sending te doen in wat tans Indonesië genoem word. Die Sendingwerk in dié land gaan nog steeds voort deur Gods genade en God skenk ons nog groot geleenthede, maar ons is daarvan diep bewus dat ons in enkele jare wel voor die onmoontlikheid van verdere werk te staan sal kom, en dat ons dus solank God nog aan ons die geleentheid gun, al ons kragte sal moet inspan.

## DIE NATURELLEVRAAGSTUK

Een aspek waaromtrent ek heel groot eenstemmigheid teëgekom het, was oor die Bantoes en hulle moontlikhede. As 'n reël praat die mense in Afrika van die „kaffers". Ek aanvaar tenvolle dit wat mense my herhaaldelik verseker het, naamlik dat mens met dié naam niks onaangenaam of verkleinerend bedoel nie, maar dit is tog 'n feit dat die woord tog wel 'n min of meer afkeurende betekenis het en dat dit deur die naturelle waarskynlik ook so verstaan word. Daarom glo ek dat mens beter sal doen deur die naam nie meer te gebruik nie, al is jou bedoeling ook hoe goed. Wanneer ek deur die gebruik van 'n naam, 'n ander pyn aandoen — al bedoel ek dit ook goed, is dit tog beter as ek dan maar liewer 'n ander naam gebruik.

**Deur die hele Suid-Afrika hoor ek oor die naturelle of Bantoe, dieselfde oordeel uitgespreek. Mense is oor die algemeen oortuig daarvan dat hulle dom en lui is; dat hulle 'n onsedelike lewe lei en lief is vir drank; dat hulle hulle teenswoordig deur gevaarlike opstokers laat aanhits tot moord, diefstal en allerlei ongeoorloofde dade. Hulle is, so word my telkens vertel, nog egte barbare. Veral in hierdie verband kom dan weer die „eeue" waarvan ek alreeds melding gemaak het, te sprake. „Dit sal nog eeue duur voordat hulle 'n bietjie beskaafdheid aangeleer het."**

Daar word dan ook veral herhaaldelik aan my gesê dat die Bantoe net soos kinders is. Mens moet hulle ook soos kinders behandel. En dit sou dan ook dom wees om hulle op gelyke voet te behandel. Ek word grappige verhale vertel van uitlanders wat in Suid-Afrika kom woon, en dan hulle bediendes op gelyke voet behandel het. Hulle gee aan hulle bediendes messe en vurke, tafels ens., en praat met hulle soos met medeblankes. Maar die eindresultaat was meestal droewig: die bediende loop weg, of besteel sy baas. Nee, mens moet die Bantoe sien as 'n kind en jy moet veral streng teenoor hom optree. Natuurlik ook vriendelik, maar tog veral ook streng. Hulle wys my daarop dat die Bantoe 'n natuurlike aanleg het vir eentonige, telkens herhaalde, uiters primitiewe handelinge. Hulle musiek is ook so; telkens dieselfde eentonige klanke. Maar tot handeling wat spruit uit die beoefening van eie inisiatief, wat oorleg verg en konsentrasie, bly hulle nog geheel-en-al ongeskik en miskien sal hulle ook altyd daarvoor onbekwaam bly. Vir die uitvoering van 'n uiters eenvoudige, reëlmatige taak is die Bantoe heeltemal geskik — hulle kan uitstekend in die industrieë bv. bepaalde, eindeloos herhaalde take verrig. Onder die goeie leiding van 'n blanke kan hy ook eenvoudige meubels vervaardig, bouarbeid verrig, landbou bedryf, ens., maar dit ontbreek hulle helaas nou maar ten ene male aan 'n verantwoordelikheidsgevoel. Daarom is hulle nie in staat om self leiding te gee nie en moet hulle onder die leiding staan van hulle natuurlike voogde: die blanke. By baie Afrikaners het ek 'n gevoel van ware simpatie vir die naturel teëgekom. Baie het as kind saam met die naturel gespeel en hulle wens hom net die allerbeste toe, maar dit is ongelukkig so, dat die naturel op 'n veel laer trap van die beskawing staan en dat hy dus in 'n ondergeskikte toestand verkeer.

Wel word my dit altyd toegegee dat daar natuurlik uitsonderings is. Mense vertel van kombuisjongens of -meide, wat geblyk het verrassend trou en eerlik te wees. Hulle erken ook dat daar wel naturelle is wat goed geleer het, hul matriek behaal het en aan die Universiteit gladnie sleg gevaar het nie, maar, so word ek ingelig, dit is 'n groot uitsondering. En juis die ontwikkelde naturel stel eintlik die meeste teleur. Die meste van hulle raak oproerig en kom maklik onder die invloed van Kommuniste. Instede daarvan dat hulle na die lokasie gaan om daar hulle eie volk te dien, verkies hulle om in die blankes se gebiede te bly en daar onrus te verwek. Met hulle het mens gewoonlik die meeste moeite. Hier en daar hoor ek die opmerking dat mens eintlik verkeerd doen om aan die naturelle soveel onderwys te gee. Hulle word met geleerdheid slegs meer brutaal en onhanteerbaar. Sou dit nie dalk beter wees om liewer die poorte van die hoër onderwys vir hulle te sluit nie? *En die laer onderwys wat aan* hulle gegee word, behoort anders te wees as dié van die blankes, en moet liewer aangepas word by die behoeftes van 'n naturel.

Dit is ongeveer die gevoel wat

# Die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika en die Sending

ek ooral in die Republiek teëgekom het in verband met die naturel en sy moontlikhede. Vir my wat slegs deur die land gereis het en dus nooit met die Bantoe saam gewerk het nie, is dit natuurlik nie moontlik om oor die Afrikaners se standpunt kritiek te lewer nie. Omdat ek geen ondervinding op hierdie gebied het en dus nie met gesag kan praat nie, is dit eintlik beter om te swyg.

Ek wil nogtans 'n aanmerking van algemene aard waag, al is daar gevaar dat dit as onbillik vertolk mag word.

### 'N TIKKIE WAARHEID

In die eerste plek leer die ervaring oral ter wêreld dat mens versigtig moet wees om 'n oordeel uit te spreek oor die bekwaamhede en moontlikhede van sogenaamde primitiewe volke. Dit is byvoorbeeld 'n feit dat die Bantoe eeue lank in 'n toestand van permanente ondervinding en uiters swak lewensomstandighede verkeer het. Die voedsel waaraan hulle gewoond is, bevat nie die bestanddele wat vir die opbou van die liggaam nodig is nie. Die treurige higiëniese omstandighede waaronder hulle opgroei bring mee dat hulle geteister word deur allerhande kwale en gebreke. Ook hulle algemene lewenswyse en volksgebruike is skadelik vir gesonde ontwikkeling, en veral vir geestelike ontwikkeling. Die jong Bantoe wat onderwys ontvang vind tuis geen hulp en leiding in sy studies nie. Hy het nie boeke by die huis nie en hy kan nie eers met sy ouers of ander familielede gesels oor wat hy alles geleer het nie. Wat dus in die lewe van die gemiddelde blanke kind 'n gewigtige faktor in hul opvoeding tot man of tot vrou is, word deur hulle gemis. Die Bantoejeug se pad is dus sonder enige twyfel vol ernstige *struikelblokke. Die wonings waar*in hy moet opgroei, en die hulpmidels tot sy beskikking, is oor die algemeen minderwaardig in verhouding met die van die blanke. **Dit is uiters moeilik om 'n denkbeeld te vorm oor hoe die Bantoejeug sou presteer wanneer al die stremmende faktore tot niet gemaak is, en aan hom dieselfde geleenthede gebied word as aan die blanke kind. Ek aanvaar dat die gemiddelde intellektuele peil van die Bantoejeug nog benede dié van die blankejeug sou wees, maar ek is geneig om te dink dat die vergelyking dan nie meer so ongunstig sal wees as wat dit tans is nie.**

Die mees belangrike faktor het ek met opset hierbo nie in oënskou geneem nie. Ons moet ver*staan dat die Bantoe se lewens*omstandighede in die Republiek uiters ongunstig is: Hy is ontstam, losgeskeur van sy stamverband, of is vinnig op pad daarheen. Hy is losgeruk uit die ou, heidense gedagtewêreld waarin sy voorouers eeue lank geleef het. Daar is by hom 'n innerlike leemte waarvan ons geen denkbeeld kan vorm nie. Die wêreld is vir hom 'n wêreld sonder samehang en sonder die rigsnoer van ou stamsedes, 'n wêreld sonder geheimsinnige, bonatuurlike kragte. En hy is meteens teen ons moderne wêreld aangeslinger — ons moderne wêreld van myne, industrieë, bioskope, neutrale onderwys, goddelose literatuur, drank, geldsug en onsedelikheid. Die Bantoe het in 'n tydspan van enkele jare deur 'n proses gegaan wat die Westerse wêreld 20 eeue geneem het om te voltooi — van Batavië, tot radio en atoombom. Die uitwerking van hierdie geforseerde oorgangsproses in die lewe en denke van 'n volk sal ons nooit kan peil nie. Oral in die wêreld vind ons voorbeelde van mense wat plotseling uit 'n primitiewe stamlewe saamgesleur is in die lewenstroom van die moderne beskawing, mense wat daardeur verbysterd is, en nie meer weet wat om te doen of te dink nie. Die innerlike leemte, verwarring en onrus wat in hulle moet woed, is seker baie ernstiger as wat ons dit sou kon voorstel. Ek het die noodkreet van hierdie mense wat uit hul verband en lewensbeskouing losgeruk is, in die Verre Ooste gehoor en nou *weer in Afrika — en ek sidder by* die gedagte aan die ontstellende verantwoordelikheid wat ons moet dra: **Ons het hulle geleer dat landbou niks met bosegeeste uit te waai het nie, en siekte niks met towenary of duiwels nie — ons het aan hulle stikstof en asperin gegee, maar ons het die leemte in hul harte nie gevul nie. Ons het hulle nie geleer dat landbou, huisbou, gesinslewe en siekte wel iets met God te doen het nie, dat God aan die stuur van al hierdie dinge staan en dat wie Hom verlaat, in sy rykdom nog met leë hande sal staan. Ons sal nooit heeltemal kan besef wat dit vir hierdie mense beteken om uit hul primitiewe stamlewe met al sy bygelowige gewoontes losgeruk, en in hierdie moderne, deur-en-*deur goddelose beskawing van* ons gedompel te word nie.**

Daar is iets onbeskryflik tragies hierin verskuil. Die Suid-Afrikaanse volk het reeds ontsaglik baie vir die Bantoe gedoen, en daar word nog steeds baie vir hulle gedoen.

Voordat ek Suid-Afrika besoek het, het ek die bekende boek van Paton „Tranen over Johannesburg" gelees. Toe ek self in Johannesburg was, het ek verbaas gestaan oor wat die Regering op alle gebiede vir die Bantoe doen. Pragtige hospitale is gebou, uitgebreide woonbuurtes met mooi huise verrys soos paddastoele uit die grond, skole word opgerig. Daar word jaarliks miljoene ponde aan die versorging van die naturel bestee. En tog voel elkeen wat met hulle in aanraking kom, dat die wond daarmee nie geheel is nie. Die losgeslane, verwarde verbysterde sterweling in die lokasies van ons groot stede, met al die groot probleme en struikelblokke wat vir hom geskep is deur die oorgang vanaf geheel - en - al primitiewe stamlewe na die uiters moderne, probleemryke Westerse kultuur, kan maar selde iemand vind wat weet dat hierdie oorgang die mees oorweldigende is wat nog in die geskiedenis van die wêreld beleef is, iemand wat werklik daardie oorgang vir hom moontlik sou kon maak, iemand wie se hele lewe 'n uitbeelding van geloof in God en in Jesus Christus is. Daarom is daar, ondanks al die goed wat reeds gedoen is, tog 'n tikkie waarheid in „die trane oor Johannesburg."

Ek verbaas my ook nie dat die Bantoejeug wat te midde van hierdie angswekkende krisis op-

*(Vervolg op bladsy 6)*

## VERKIESING EN EVANGELIEBEVORDERING

*(Vervolg van bladsy 5)*

op dat „die witman ons nie wil hê nie". „Goed," so word dan verder geredeneer, „as dit so is dan sê ons nou al (al is dit net sag in ons eie hart) dat ons hom en sy godsdiens ook nie wil hê nie. Nou kan ons dit nog nie wys nie, want ons is magteloos en swak, maar die dag kom dat ons dit sal sê en sal wys." Hierdie leer van oog om oog en tand om tand is vir elke Christen geheel en al verwerplik maar as blanke Christene dit deur hulle kruisie wys, wat anders kan ons verwag as dat die nie-blanke bevolkingsgroep uiteindelik sal doen wat ons nou aan hulle doen?

Goddank, bo al die kruisies van mense troon die kruis van Christus wat ewig bly staan as getuienis van Gods geregtigheid, vergifnis, versoening en hernuwing oor al ons menslike dwaasheid.

## HIS SUFFERING - AND OURS

*(Continued from page 5)*

all evil and sin — or that the Church has neglected its duty.

The Church in South Africa as the body of Christ, including every member of that body, must ask itself whether it is willing to face up to its witness and responsibility. Developments in Church and state and society are God's way of challenging His Church to participate willingly and joyously in the sufferings of Jesus Christ, His Son.

**Meditation:**

## *New Calvaries*

Once to every man and nation
Comes the moment to decide,
In the strife of truth with falsehood,
For the good or evil side;
Some great cause, God's new Messiah,
Offering each the bloom or blight—
And the choice goes by for ever
Twixt that darkness and that light.

Then to side with truth is noble,
When we share her wretched crust,
Ere her cause bring fame and profit,
And 'tis prosperous to be just;
Then it is the brave man chooses,
While the coward stands aside,
Till the multitude make virtue
Of the faith they had denied.

By the light of burning martyrs,
Christ, Thy bleeding feet we track
Toiling up new Calvaries ever
With the Cross that turns not back.
New occasions teach new duties;
Time makes ancient good uncouth;
They must upward still and onward
Who would keep abreast of truth.

Though the cause of evil prosper,
Yet 'tis truth alone is strong;
Though her portion be the scaffold,
And upon the throne be wrong—
Yet that scaffold sways the future,
And, behind the dim unknown,
Standeth God within the shadow,
Keeping watch above His own.

**James Russell Lowell, 1819—91**

## *Die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika en die Sending*

*(Vervolg van bladsy 4)*

groei en dan ook geen innerlike houvas of sedelike norme het nie, en geen God het op wie hy kan vertrou nie, nie teen die verdere las van die moderne, Westerse onderwys opgewasse is nie. Leer is meer as net studeer, dit is 'n innerlike toeëiening van kennis — en om dit jou eie te maak, moet jy oor 'n sekere mate van innerlike vrede en bestendigheid beskik.

### UITSONDERINGS MOET NIE ONDERSKAT WORD NIE

Ek is dikwels in Afrika die versekering gegee dat daar wel uitsonderings is. Daar is Bantoebediendes wat uitermate trou en eerlik is; daar is Bantoes wat beter studente is en wat met meer gretigheid en oorgawe as die gemiddelde blanke studeer, maar hulle is die groot uitsonderings op die reël — só word daar dan altyd bygevoeg. Dit wil ek ook geredelik toegee. Maar hierdie uitsonderings is reeds van groot betekenis! Dit is nou eenmaal so dat daar slegs maar 'n paar vooruitstrewende geeste is wat die steunpilare van die mensdom vorm. As mense kon weet hoe primitief die lewenstandaard in die grootste gedeeltes van Indië, Sjina, Japan

*(Vervolg op bladsy 11)*

# The Church in Communist Countries

*(Continued from page 8)*

ation in the Church and thus "there is more official recognition in this regime than in any preceeding one that the Church has a legitimate position in society." Indoctrination took place through participation. Christians e.g. assisted in the Land Redistribution Programme.

Y. T. Wu is supported by men like Y. C. Tu, Kiang Wenham, Liu Liang-mo, Z. T. Kaung (Methodist), T. C. Chao, Marcus Cheng (Lutheran), T. C. Bau, K. H. Ting. Evangelist Wang Ming-Tao reacted against Y. T. Wu who according to him sought "the way of compromise and adaptation". He tried to destroy the very foundations of the Three-Self Patriotic Movement. His 'Credo' was the first outspoken opposition to Y. T. Wu and his followers. This 'Credo' says F. W. Price is a monument in the history of the Chinese Church. He was a severe critic of the Social Gospel which is in fact more "social" than gospel. Y. T. Wu states in his book **Dark and Light,** "Besides the Bible there is a Christian theology which directly and indirectly is developed from the Bible, including the doctrines of Incarnation, Virgin Birth, Resurrection, Trinity, Last Judgement, Second Coming, etc. These are irrational mysterious beliefs . . . I cannot accept such beliefs". Wang Ming-Tao reacts "Let those who believe in the Bible and saving grace unite with the party of unbelievers; let the Church and Society unite; let Christ and Satan unite; let light and darkness unite; unite, unite! And the result of such union is simply the creation of a great Babylon". Wang Ming-Tao was in many ways an extreme fundamentalist but he has voiced an important point of view. Popular feelings was on his side. Many of the indeginous Church leaders were attacked and imprisoned.

The Church in China has reopened contacts with the West. Individuals and Church delegations went and reported that Church life is proceeding quite normally, and that the Chinese Christians are more involved in the life of the nation than formerly. The first official Church visit was from Australia in November, 1956 (Anglican). A new period of suppression started in 1957. In 1958 the organization of Communes and the Great Leap Forward programmes were inaugurated. Something of a **modus vivendum** has been arrived at between Protestant Christianity and the Chinese Communist party. This party however, remains as blatantly atheistic as ever. As far as the future is concerned there is ground for deep concern: Many of the courageous leaders of the Church have been silenced; the complete isolation from the Church in the other parts of the East and also the West; Church activities have been restricted; Church publications have steadily decreased; few books on theology or Bible study have appeared since 1949. "Tien Feng" is the only periodical. Theological schools have decreased in numbers as well as students — 250 for a Church of 700,000. Christian students are refused permission to go to colleges because they are considered "politically unreliable". Christian doctors, nurses and teachers do not easily get promotion. The fact that the Church still exists is a hopeful sign although the number of professing Christians has dropped since 1949. Chinese Church leaders believe the Church will advance.

**(To be continued)**

---

# *Die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika en die Sending*

*(Vervolg van bladsy 6)*

en Indonesië selfs nou nog is, sal hulle met angs vervul wees. Ja, selfs in die grootste gedeelte van Europa is die groot massa nog maar uiters dom, korsigtig en onbewus van wat daar vir hulle op die spel is. Dis gewoonlik slegs maar die enkeles wat die leiding moet neem. Derhalwe mag ons die betekenis van daardie uitsonderings, al is hulle ook hoe gering — selfs maar een uit 'n duisend of uit vyfduisend — nie onderskat nie. Dit sal al hoe meer duidelik word dat dit daardie enkele uitsonderings is wat die groot, ongeletterde massa langs die regte weg die toekoms in moet lei. In elk geval bewys hierdie uitsonderings dat daar skielik dinge kan gebeur wat nie volgens die gewone wette van geleidelikheid verklaar kan word nie. En as ons dit in gedagte hou is daar wel iets wat van beslissende waarde kan wees.

**Daar is my meegedeel dat ons eintlik ons hele Bantoe-onderwys veel meer by hulle stamlewe, hulle kultuur en hulle moontlikhede moet aanpas — ons moet dit „Bantoeseer". Ja, as ons dit maar kon doen. As ons hulle maar net weer in hulle stamverband kon terugplaas en weer van vooraf met 'n skoon lei begin! Maar dit sal ons nooit geheel-en-al kon vermag nie.** Hierdie mense het reeds 'n voorsmakie van die *moderne wêreld* met al sy gevare en versoeking gekry, en ons sal hulle nooit weer rustig in hulle kraal kan terugkry nie. Hulle het iets van ons wêreld se onsekerheid en onrus oorgeërf — hulle het ander mense geword, en dit kan nie weer ongedaan gemaak word nie. Ons kan hulle nie probeer terugdwing in 'n leefwyse wat hulle nie meer wil of kan aanvaar nie. Daar het in Suid-Afrika 'n belangrike verslag oor die Bantoe - onderwys verskyn, waarvoor ek innig *dankbaar* is. Ek besef die ontsaglike groot probleme waarmee die owerhede ten opsigte van ons Bantoe-onderwys te kampe het, maar van een ding ek is baie seker — en dit is dat ons die foute wat in die verlede begaan is, nie weer maklik sal kan regstel nie. Dáárvoor het daar al te veel gebeur, en te veel veranderinge ingetree. **Ons kan nie meer ons standpunt grond op die Bantoe soos hy was nie, ons sal dit moet grond op die Bantoe soos hy tans is.**

**VREES**

Ek het myself menige keer gedurende die weke van my besoek dit afgevra of die Afrikaner enige simpatie vir die Bantoe koester (om nie eers van die woord „liefde" melding te maak nie), en van vele wat ek ontmoet het, kan ek sonder enige aarseling sê dat dit wel die geval is. Simpatie vir die Bantoe as kind; vir die goedige, onnosele, kinderlike Bantoe wat selfs in sy ondeugsaamheid nog maar oer-dom is; en simpatie

# Die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika en die Sending

veral ook vir hom wanneer hy 'n goeie, getroue werker is, netjies en noukeurig. Maar die donker ondertoon van vrees is nog luider as dié van simpatie. Vrees vir die opkoms van die Bantoe wat nie langer kind wil wees nie maar 'n selfstandige posisie wil beklee. Vrees vir die opgesweepte, oproerige Bantoe, wat ongereeldhede en afskuwelike misdade pleeg. Vrees vir die aangroeiende miljoenemassa, wat, as hulle eers eenmaal ontwaak, 'n ontsettende gevaar sal inhou. En hierdie vrees neem hier en daar die vorm aan van redelose haat en van diepe afkeer. Toe ek weer op die punt staan om na Nederland terug te keer, sê iemand vir my: „Hoe gelukkig is u nie om na 'n land te mag gaan waar daar geen swartes is nie."

Hierin lê soveel opgesluit wat volkome begryplik is en natuurlik ook onredelik is. As blanke is ons geneig om dieselfde van die Bantoe te verwag as van onsself. As hy aan daardie maatstaf nie beantwoord nie, vind ons hom lui, dom, gevaarlik en onsedelik. Ons vergeet dat hy in sy stamverband nooit geleer het om rustig en ordelik en volgens tyd te werk nie. Die Weste se vernaamste uitvinding was die horlosie gewees. Die horlosie wat ons lewe, ons elke dag in afgemete tydvakkies indeel. Die Bantoe het nog altyd sonder 'n horlosie en heeltemal ongebonde in sy stamverband geleef, sonder enige persoonlike verantwoordelikhede. Sy stam reël alles, sy stam het vaste, streng wette wat hom in toom hou; maar 'n eie, persoonlike gewete, dit het hy nie. Hy het net soos ons Bataviese voorvaders, bier gedrink en sy vrouens laat werk, oorlog gevoer en geroof. **Dit het ons voorouers ook gedoen. God het 20 eeue gebruik om ons te bring waar ons nou is en ons het alle rede om ons te skaam as ons daaraan dink wat ons is. Vir meer as 'n duisend jaar al skyn die lig van die evangelie vir ons en tog is dit skrikwekkend as ons sien hoe weinig ons daarvolgens leef!** Die Bantoe word sonder meer losgeruk uit sy stamverband, en oorgeplaas in ons moderne wêreld. Dit sou presies dieselfde wees as ons een van die heel ou Bataviërs plotseling sou oorplaas na een van die besigste verkeerspunte in New York. Is dit dan 'n wonder dat hulle nie weet wat om te doen nie en dat hulle nog onbeskryflik baie het om te leer?

Ons het alle rede om ons diep te skaam omdat ons hom nie in 'n betere Westerse wêreld kan inlei nie, dat daar in ons blanke beskawing die gedors na goud, drank, gevloek en materialisme die hoogty vier. Ons sal 'n beter begrip van die Bantoe en sy krisis moet aanleer; ons sal ons meer in sy stryd moet probeer oorplaas. Ons sal ons dieper moet skaam vir die beskawing waarmee hy in aanraking kom. Ons sal eers inniger moet roem oor Gods genade, ons die Westerse volke, wat geen haar beter is as die Bantoe, wat ons vir soveel eeue vasgehou en gelei het. Ons sal 'n bietjie meer opregte simpatie en ware meegevoel teenoor die swartes moet koester. Miskien sal ons dan nog verbaas staan oor die snelle tempo waarin ons hulle ons eie gemaak het, waar dit voorheen so geweldig moeilik gelyk het. Miskien sal ons ons daarin kan verheug dat daar al reeds van hulle is wat 'n sekere mate van verantwoordelikheid kan dra, en selfs meer as dit wat ons aan hom toevertrou. Ek is daar deeglik van bewus dat ek as buitestaander, wat nog nooit in die praktyk iets met die mense te doen gehad het nie, hierdie dinge makliker kan sê as u, wat elkedag met hulle in aanraking kom. Maar dit is tog nie daarom minder waar nie. En dit is belangrik dat die Afrikaanse volk in sy hantering van die Bantoe, hierdie sy van die saak behoort te oorweeg.

## TE MIN OPREGTE LIEFDE

Ek mag nie 'n vergelyking tref tussen die Suid-Afrikaanse Bantoeprobleem en die probleme wat ons met die bevolking van die vroeëre Nederlands-Indië deurgemaak het nie. Ek weet goed dat

*(Vervolg op bladsy 16)*

# The Rule of God and White Supremacy

*(Continued from page 1)*

established way of life is clearly seen in ancient Israel's tendency to worship the Canaanite god Baal. This problem began as soon as Israel settled in the land of Palestine in about 1250 B.C., and continued until the final collapse of the nation in 587.

When the nomadic Hebrews first entered Palestine, they found already established there a sophisticated culture. The Canaanite way of life was superior to the Israelite in a number of respects: the developed material civilisation, flourishing cities, and complex political structures all made Hebrew ways seem primitive indeed. In no respect was the contrast greater than in that of agriculture: to the humble Hebrew nomad, wandering on the edges of the cultivated land with his sheep and goats and donkeys, the green fields and flourishing orchards of Canaan seemed nothing short of a miracle. Here indeed was a "land flowing with milk and honey." The wonder of this fertility bursts forth again and again from the poets' lips:

> "Thou dost cause the grass to grow for the cattle,
> and plants for man to cultivate,
> that he may bring forth food from the earth,
> and wine to gladden the heart of man,
> oil to make his face shine,
> and bread to strengthen man's heart." (Ps. 104:14-15).

Inevitably, many Israelites began to imitate this advanced Canaanite culture, and especially Canaanite ways of agriculture.

As the Hebrews settled in Palestine and began to be farmers, they naturally asked their Canaanite neighbours, "How do you get a good crop?" What are the best farming methods? And the Canaanite reply was simple in the extreme: "We worship Baal, the god of fertility." You must build altars to Baal on the hilltops, offer him sacrifices, and make love to the charming "priestesses" of Baal who live in his

# Readers Views

## JESUS IS NOT CONCERNED WITH SOCIAL INJUSTICES

Dear Sir,

The letter from P. M. Harker fills one with melancholy thoughts.

It is only too true that not only the majority, but practically all white people are Christians "more by tradition than by conviction" — if only for the reason that they were made to be Christians before they had a mental development capable of being "convicted".

Mr. Harker also says that Christianity cannot offer a solution to society "until we have convinced ourselves and our fellow Church members that we Christians, though in the world, are not of it."

If this was really his honest belief then he should have realised that a Christian, like Jesus Himself, should not be concerned with matters of government, or State and Politics *and such like. Only the souls of* men and their salvation can possibly have meaning for him.

Jesus told us to give to Caesar what belongs to him. He made no remarks about the social injustices which were as rife, and even more rife, in His day than they are in ours. He did not complain about lack of voting and other 'human' rights. He did not even seem to find anything wrong in slavery, for no critical word of His has been passed on to us about it.

The real Christian is not of this world. He can have no more money and clothing and housing than is the minimum necessary for him to survive during the time allotted to him in this vale of tears for, as Jesus told the rich young man, Mr. Harker and anyone who would be a real follower of Christ should "go and sell that thou hast, and give to the poor". If your correspondent has not done that he should have had the honesty of that selfsame young man and have "gone away sorrowfully". *He in that case has* not been willing to pay the price for being a Christian. Despite his words he is also still of this world like the rest of us and he has no right to criticise those who take a Christian teaching to be unacceptable because it is "unrealistic".

Finally, even if he has given everything away so that, like the Son of man, he hath not where to lay his head (St. Matthew 7:20), he still has the very definite and clear injunction from St. Luke chapter 14, verse 26 to face up to.

In these things lie the roots of Christianity and Christian behaviour, not in **telling others** how they should behave in this world of which they claim no longer to be a part.

That kind of thing is the private domain of the worldly men, of policians, kings and tyrants — and of the 'man in the street'.

G. M. MES, F.R.C.S. (Eng.)

P.O. Box 234, Krugersdorp.

## Die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika en die Sending

*(Vervolg van bladsy 12)*

die verhouding daar anders was en dat die Indonesiër nie sommer met die Bantoe van Suid-Afrika gelyk gestel kan word nie. Maar daar is egter 'n sekere ooreenkoms. *Ek het in die vroeër* Nederlands-Indië menige Hollanders in verskeie bedrywe, dikwels hoor skel op die dom en lui Inlander, wat geen sin vir verantwoordelikheid ken nie en nes 'n kind behandel moet word. Na baie jare van arbeid in die land, kom ek meer en meer tot die gevolgtrekking dat ons nie die geweldige krisis waarvoor ons dié mense te staan gebring het, genoeg in gedagte gehou het nie. Ons het skole gebou, hospitale en wat nie nog alles meer nie. Maar waarvan ons hom te min gegee het was *'n ware meegevoel met sy nood,* opregte liefde en 'n begrip van sy begeertes. Daar is geen middel in die wêreld wat die liefde kan vervang nie, hoewel daar natuurlik allerhande plaasvervangers op die mark is. In die botsing van die rasse blyk die ontstellende waarheid maar alte duidelik. Ons, die blanke, dink in sterling, ons reken alles uit in geld. Ons het presies uitgewerk hoeveel pond sterling ons bestee aan die naturelle, en ons staan verstom dat hy nie daarvoor meer dankbaar is nie. **Maar daardie dinge waarom dit werklik gaan: liefde, meegevoel, *simpatie, kan nie in syfers uitge*druk word nie — dit is van 'n heel ander gehalte.**

Ek sê nie dat ons nie die skole en hospitale moet bou nie. Dit moet ons ook doen, maar ons moet meer doen, iets wat die skole en hospitale dan eers waarlik mooi sou maak, ons moet aan hulle daardie onvervangbare dinge gee, dit wat die Bybel liefde noem. En dit kan ons oor die algemeen nie aan hom bring nie. Ek is geneig om te dink dat die verskriklike toestande in lande soos Sjina, Japan, Indië en Indonesië, as ons dit ernstig in oënskou neem, dui op die skrikwekkende verskynsel van ons Westerse blanke beskawing toe ons met ander rasse en volke van 'n laer kultuurpeil in aanraking gekom het, hulle wat alles geken het, behalwe daardie een ding wat heil sou verskaf het. Ons was eintlik te materialisties, en nie genoeg dissipels van Jesus gewees nie. Nou kan ons agteraf skel op die „Inlanders", die „kaffers", die ondankbare „swartes" — maar ek glo dat ons eers tot 'n ware oplossing van die probleem sal kom wanneer ons in ootmoed en met ware skuldbesef ons knieë sal buig voor ons Hemelse Vader wat al ons sonde, ook hierdie ontstellende groot sonde, sal vergewe om Jesus Christus ontwil, en dat hy ons die weg sal aanwys *om 'n nuwe lewe te begin.*